Invicta HOLDINGS LIMITED

Registrasienommer: 1966/002182/06
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Aandelekode: IVT • ISIN: ZAE000029773
("Invicta" of "die Groep")

GEOUDITEERDE GROEPRESULTATE vir die jaar geëindig 31 MAART 2012

Inkomste	Bedryfswins	Wins vir die jaar	Verdienste per aandeel	Finale dividend
↑ 24%	↑ 26%	↑ 21%	↑ 38%	↑ 40%

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
vir die jaar geëindig 31 Maart

	% verandering	2012 R'000	2011 R'000
Inkomste	24	**5 599 464**	4 533 801
Bedryfsinkomste	26	**634 585**	505 493
Rente en dividende ontvang		**546 947**	490 132
Finansieringskoste		**(598 354)**	(545 242)
Gedeelte van winste van assosiaat		**1 022**	871
Wins voor belasting	29	**584 200**	451 254
Belasting		**(69 572)**	(25 032)
Wins vir die jaar	21	**514 628**	426 222
Ander omvattende inkomste			
Wins op tesourie-aandele gebruik om aandeel-appresiasieregte te skik		**15 670**	–
Wins op verkoop van tesourie-aandele aan direkteure		**9 303**	–
Wins op verandering in beheer in filiale		**21 347**	–
Valuta verskille op omsetting van buitelandse bedrywighede		**4 763**	(833)
Totale omvattende inkomste vir die jaar		**565 711**	425 389
Wins toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die maatskappy		**491 596**	354 155
Nie-beherende belang		**23 032**	72 067
		514 628	426 222
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die maatskappy		**542 255**	353 630
Nie-beherende belang		**23 456**	71 759
		565 711	425 389
Verdienste per aandeel (sent)	38	**698**	504
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	36	**652**	480
Bepaling van wesensverdienste			
Toeskryfbare verdienste		**491 596**	354 155
Aanpassings			
– Netto waardedaling van eiendom, masjinerie en toerusting		**13 554**	(4 271)
– Waardedaling in klandisiewaarde		**1 137**	–
– Vrystelling van uitgestelde wins op uitreiking van aandele deur filiale		**(11 610)**	(3 870)
– Wins op verkoop van belegging		**(5 914)**	–
– Netto wins op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting		**(2 625)**	(117)
Totale aanpassings voor belasting en nie-beherende belang		**(5 458)**	(8 258)
Belasting		**(345)**	1 853
Nie-beherende belang		**(1 800)**	632
Totale aanpassings		**(7 603)**	(5 773)
Wesensverdienste	39	**483 993**	348 382
Wesensverdienste per aandeel (sent)	39	**687**	496
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	36	**642**	473
Uitgereikte aandele			
Geweegde gemiddeld (000e)		**70 405**	70 211
Aan die einde van die jaar (000e)		**72 123**	69 954
Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000e)		**75 416**	73 720
Wesensverdienste per aandeel (sent)	39	**687**	496
Verdienste per aandeel (sent)	38	**698**	504
Dividende per aandeel* (sent)	39	**254**	183
– Tussentyds	35	**77**	57
– Finaal	40	**177**	126

** In ooreenstemming met IAS 10 word die finale dividend van 177 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel is, nie in die jaareindresultate getoon nie.*

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

Voorbereidingsgrondslag
Die verkorte finansiële inligting is voorberei in ooreenstemming met die raamwerkkonsepte en die meting- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) van die Internasionale Rekeningkundige Standaarde Raad, die AC500-standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Standaarde Raad, die inligting soos vereis deur IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering, die JSE Beperk se Noteringsvereistes en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika. Die verslag is voorberei aan die hand van rekeningkundige beleid wat voldoen aan IFRS en stem ooreen met dit wat in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 gebruik is, met uitsondering van die aanname van IFRS 9, IFRS 10, IFRS 12, IFRS 13, IAS 1, IAS 12, IAS 16, IAS 27, IAS 28, IAS 32 en IAS 34 en is onder toesig van Craig Barnard CA(SA), die Uitvoerende Direkteur – Finansieel en Kommersieel, voorberei. Die finansiële inligting is, in ooreenstemming met die Maatskappywet (Wet 71 van 2008), geouditeer.

Verkrygings
Verskeie verkrygings, ten bedrae van R139 miljoen, is gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2012 gemaak.

Gebeure na die verslagdoeningsdatum
Verkryging van die aandele in Operational Marketing (Edms) Bpk en OMSA Valves and Instruments (Edms) Bpk (OMSA Groep) met ingang van 1 April 2012. Daar is voldoen aan alle opskortende voorwaardes en dus is die verkoop onvoorwaardelik, alhoewel die finale koopsom nog op die finale jaareindverdienste van die OMSA Groep bepaal moet word.

Die Groep het op 16 Mei 2012 'n binnelandse mediumtermyn skuldbriefeffek ten bedrae van R150 miljoen uitgereik.

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
soos op 31 Maart

	2012 R'000	2011 R'000
BATES		
Nie-bedryfsbates	**4 637 190**	4 262 675
Eiendom, masjinerie en toerusting	**391 018**	353 953
Finansiële beleggings en belegging in assosiaat	**3 042 793**	2 965 674
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**416 606**	362 453
Finansiële bate, finansiële bruikhuurkontrak en langtermyn ontvangbare rekenings	**701 776**	510 655
Uitgestelde belasting	**84 997**	69 940
Bedryfsbates	**3 722 236**	2 626 192
Voorraad	**2 084 662**	1 381 615
Handels- en ander ontvangbare rekenings	**869 184**	698 526
Huidige gedeelte van finansiële bruikhuurkontrak, langtermyn ontvangbare rekenings en finansiële beleggings	**125 605**	99 498
Voorafbetaalde belasting	**1 694**	14 150
Banksaldo's en kontant	**641 091**	432 403
Totale bates	**8 359 426**	6 888 867
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE		
Kapitaal en reserwes	**2 011 658**	1 854 849
Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers	**1 952 337**	1 611 265
Nie-beherende belang	**59 321**	243 584
Nie-bedryfslaste	**4 298 580**	3 659 362
Langtermynlenings, gewaarborgde terugkoopverpligtinge en finansiële verpligtinge	**4 293 813**	3 653 114
Uitgestelde belasting	**4 767**	6 248
Bedryfslaste	**2 049 188**	1 374 656
Huidige gedeelte van langtermynlenings en gewaarborgde terugkoopverpligtinge	**163 049**	126 071
Handels-, ander bedrae betaalbaar en voorsienings	**1 804 728**	1 211 786
Belastingverpligtinge	**26 328**	13 052
Bankoortrekkings	**55 083**	23 747
Totale ekwiteit en verpligtinge	**8 359 426**	6 888 867

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN KONTANTVLOEI
vir die jaar geëindig 31 Maart

	2012 R'000	2011 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**534 218**	697 053
Finansieringskoste	**(598 354)**	(545 242)
Dividende betaal aan Groepaandeelhouers en nie-beherende belang	**(155 633)**	(114 586)
Aandeel-appresiasieregte uitgeoefen	**(86 932)**	(70 506)
Wins op verkoop van tesourie-aandele kragtens die direkteursleningskema	**9 303**	–
Wins op aanwending van tesourie-aandele om aandeel-appresiasieregte te skik	**15 670**	–
Belasting betaal	**(62 466)**	(48 377)
Rente en dividende ontvang	**546 947**	490 132
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**202 753**	408 474
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Netto kontantuitwerking van verkrygings van eiendom, masjinerie en toerusting en ontasbare bates	**(95 154)**	(95 038)
Verkryging van filiale	**(152 808)**	(134 646)
Verkryging van nie-beherende belang	**(177 525)**	–
Toename in langtermyn ontvangbare rekenings ingesluit huidige gedeelte	**(335 398)**	(437 448)
Dividend ontvang vanaf assosiaat	**1 100**	800
Tesourie-aandele verkry	**(7 985)**	(23 239)
Tesourie-aandele verkoop kragtens die direkteursleningskema	**17 497**	–
Tesourie-aandele aangewend om aandeel-appresiasieregte te skik	**16 366**	–
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(733 907)**	(689 571)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Netto kontantuitwerking van lenings verkry	**718 919**	475 046
Kansellasie van uitgereikte aandele	**(10 413)**	–
Netto kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite	**708 506**	475 046
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**177 352**	193 949
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**408 656**	214 707
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**586 008**	408 656

GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT
vir die jaar geëindig 31 Maart

	2012 R'000	2011 R'000
Aandelekapitaal		
Saldo aan begin van die jaar	**3 724**	3 724
Kansellasie van uitgereikte aandele	**(18)**	–
Saldo aan einde van die jaar	**3 706**	3 724
Aandelepremie		
Saldo aan begin van die jaar	**282 715**	282 715
Kansellasie van uitgereikte aandele	**(10 395)**	–
Saldo aan einde van die jaar	**272 320**	282 715
Tesourie-aandele		
Saldo aan begin van die jaar	**(119 809)**	(96 570)
Tesourie-aandele verkoop kragtens direkteursleningskema	**17 497**	–
Tesourie-aandele aangewend om aandeel-appresiasieregte te skik	**16 366**	–
Tesourie-aandele verkry	**(7 985)**	(23 239)
Saldo aan einde van die jaar	**(93 931)**	(119 809)
Teruggehoue inkomste		
Saldo aan begin van die jaar	**1 391 305**	1 198 882
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**491 596**	354 155
Aandeel-appresiasieregte uitgeoefen	**(67 315)**	(50 920)
Wins op verkoop van tesourie-aandele kragtens die direkteursleningskema	**9 303**	–
Wins op tesourie-aandele aangewend om aandeel-appresiasieregte te skik	**15 670**	–
Verkryging van nie-beherende belang	**21 347**	961
Dividende betaal	**(145 684)**	(111 773)
Saldo aan einde van die jaar	**1 716 222**	1 391 305
Ander reserwes		
Saldo aan begin van die jaar	**53 330**	54 215
Aandeel-appresiasieregte uitgereik	**11 433**	19 226
Aandeel-appresiasieregte uitgeoefen	**(19 617)**	(19 586)
Billike waarde op verkoopopsie kragtens die direkteursleningskema	**4 535**	–
Omsetting van buitelandse bedrywighede	**4 339**	(525)
Saldo aan einde van die jaar	**54 020**	53 330
Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers	**1 952 337**	1 611 265
Nie-beherende belang		
Saldo aan begin van die jaar	**243 584**	170 297
Verdienste toeskryfbaar aan nie-beherende belang	**23 456**	71 759
Nie-beherende belang verkry gedurende die jaar	**(202 570)**	–
Netto belegging in filiale	**–**	8 435
Dividende betaal	**(5 149)**	(6 907)
Saldo aan einde van die jaar	**59 321**	243 584

SEGMENTINLIGTING
vir die jaar geëindig 31 Maart

	Ingenieurswese verbruikbares R'000	Kapitaal-toerusting R'000	Groep, finansiering en ander bedrywighede R'000	Totaal R'000
2012				
Segmentinkomste	**2 742 046**	**2 548 888**	**308 530**	**5 599 464**
Segmentbedryfswins	**371 458**	**246 783**	**16 344**	**634 585**
Segmentbates	**1 723 928**	**1 556 429**	**5 079 069**	**8 359 426**
Segmentlaste	**510 138**	**1 295 827**	**4 541 803**	**6 347 768**
2011				
Segmentinkomste	2 387 363	1 876 542	269 896	4 533 801
Segmentbedryfswins	319 665	157 525	28 303	505 493
Segmentbates	1 450 792	1 081 667	4 356 408	6 888 867
Segmentlaste	414 378	778 091	3 841 549	5 034 018

ANDER INLIGTING

	2012	2011
Netto rentedraende skuld:ekwiteitverhouding (uitgesluit die langtermyn-befondsingskuld gesekureer deur beleggings en lenings) (%)	**25**	3
Waardevermindering en amortisasie (R'000)	**61 365**	81 289
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**2 707,0**	2 303,3
Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent)	**2 129,3**	1 785,2
Kapitaalbesteding (R'000)	**109 278**	114 374
Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000)	**240**	252
Kapitale verpligtinge (R'000)	**6 014**	7 121

KOMMENTAAR

FINANSIËLE OORSIG
Die Groep het weereens uitstekende resultate gelewer. Handelstoestande was oor die algemeen gunstig gedurende die jaar en vraag na Groepprodukte, in die geheel, was beter as die vorige jaar. Verkrygings het ook tot die prestasie bygedra.

In die CEG het landboumasjinerie-verkope sterk gebly, hoofsaaklik te wyte aan goeie graanpryse en hoë boerdery-opbrengste, konstruksiemasjinerie-verkope het bly herstel en die materiaalhantering-onderneming het sig gevestig en begin om tot winste by te dra. In BMG, die Groep se industriële verbruikbares-besigheid, was internasionale vraag na hulpbronne bestendig, wat vraag na BMG se produkte onderstut het, alhoewel handel in sekere sektore uitdagend was. Historiese aanheg-verkrygings in hierdie afdeling het ook tot verdienste vir die volle jaar bygedra.

Groepomset het met 24% tot R5,599 miljard gegroei. 'n Verbetering in die verhouding van produkte verkoop en beheer van kostes het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 26% tot R635 miljoen toegeneem het.

Wins voor belasting het met 29% tot R584 miljoen gestyg, terwyl 'n hoër belastingkoste tot gevolg gehad het dat die nabelastewins vir die jaar met 21% tot R515 miljoen toegeneem het. Die konsolidasie van die 25% (2011: 5%) SEB-belang in Humulani Investments (Edms) Bpk kragtens IFRS SIC12 (Konsolidasie – Spesialedoel-entiteite) het die verhoging in wesensverdienste van 39% tot R484 miljoen, gesteun. 'n Omsendbrief aan aandeelhouers gedateer 1 Augustus 2011 sit die agtergrond hiervan uiteen.

Wesensverdienste per aandeel het met 39% tot 687 sent per aandeel gegroei, terwyl verdienste per aandeel met 38% tot 698 sent gegroei het. Bedryfskapitaalbestuur was baie goed. Die Groep het egter hulle belegging in voorraad doelbewus met 50,9% (R703 miljoen) verhoog, maar kon steeds kontant uit bedrywighede van R534 miljoen genereer.

Die Groep gaan voort om groeigeleenthede te benut en het 'n aantal strategiese verkrygings ten bedrae van R139 miljoen gemaak. Die mees beduidende hiervan was die verkryging deur CEG van Equipment Spare Parts (Africa) (Edms) Bpk (ESP).

BEARING MAN GROUP (BMG)
BMG bly die kern winsgrondslag van die Invicta-groep met 'n bydrae van 59% tot bedryfsinkomste vir die jaar. Markvraag vir BMG se produkte en dienste het in die jaar verbeter. 'n Kombinasie van 'n beskeie verbetering in volumes verkoop, verskafferprysverhogings wat aan klante deurgegee is en toenames in markaandeel in sekere sektore het tot 'n bevredigende groei in inkomste gelei.

Omset het met 14,9% vanaf R2,387 miljard tot R2,742 miljard, toe te skryf aan organiese groei, toegeneem. Dit verteenwoordig 'n verdubbeling van omset oor die afgelope 5 jaar.

Goeie marge- en kostebestuur het gehelp om bedryfswins met 16,2% tot R371 miljoen te verhoog. Gedurende die jaar is 'n strategiese besluit geneem om voorraad te verhoog, wat tot gevolg gehad het dat voorraad in BMG met 21% toegeneem het. Gedurende die jaar is BMG as 'n vlak 3-bydraer kragtens die regering se Swart Ekonomiese Bemagtiging- (SEB) kodes geakkrediteer, wat BMG se status met hulle klante verstewig het.

CAPITAL EQUIPMENT GROUP (CEG)
Die Capital Equipment Group (CEG) het bo verwagtinge presteer. Die jaar het met goeie voortuitsigte op alle gebiede van die afdeling begin en met 'n voortgesette fokus op na-verkope bystand, klantkommunikasie en kostebeheer het marges verbeter, wat tot gevolg gehad het dat die beste bedryfswinste ooit behaal was. Die verkryging van ESP in die laaste kwartaal van die finansiële jaar sal die Groep se toekomstige inkomste uit onderdele verstewig.

Totale omset van die CEG het met 35,8% tot R2,549 miljard – 99,97% (R2 480 miljoen) vanuit organiese groei en 0,03% (R69 miljoen) vanuit verkrygings, toegeneem. Dit verteenwoordig ook 'n verdubbeling van omset oor die afgelope 5 jaar, terwyl bedryfswins oor dieselfde tydperk verdrievoudig het. 'n Groter bydrae vanaf onderdele- en dienste-omset het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 56,7% tot R247 miljoen gestyg het. Die segment se geannualiseerde bedryfswins opbrengs op kapitaal aangewend was 95%, 'n styging vanaf 52% verlede jaar, 'n uitsonderlike resultaat. Oor die algeheel is 'n uitstekende prestasie deur die CEG gelewer.

ANDER BEDRYWIGHEDE
Die Groep het nou hulle afsetgebied verspreidingsnetwerk vir Tiletoria ingeskakel en alhoewel hulle nie 'n wesenlike bydrae tot die Groep gedurende die tydperk gelewer het nie, is hulle winsgewend en word daar beraam dat bestendige groei sal voortgaan.

VOORUITSKOUING
Handelstoestande in die sektore waarin die Groep sake doen, blyk af te plat. Die Groep is besorg oor die gebrek aan belegging in mynbou in Suid-Afrika en die klaarblyklike geleidelike de-industrialisasie van die land, welke faktore, onder andere, aanleiding gee daartoe dat Invicta buite die grense van Suid-Afrika kyk na groei in hulle kernbesighede.

BMG het Operational Marketing (Edms) Bpk en OMSA Valves and Instrumentation (Edms) Bpk (OMSA Groep) met effek vanaf 1 April 2012, verkry. OMSA voeg 'n toonaangewende posisie in olietoerusting, stelsels en velddiens tot BMG toe. Boonop bring hulle beduidende potensiaal vir BMG om filtrering, kleppe en instrumentasie uit te brei. BMG verwag dat handelstoestande in die komende jaar 'n groter uitdaging as verlede jaar sal wees.

In die CEG het graanpryse ('n groot dryfkrag vir vraag na landboumasjinerie in Suid-Afrika) sedert die einde van die finansiële jaar verswak. Dit mag lei tot 'n afname in vraag na landboumasjinerie. Vraag in die konstruksie-toerustingmark toon huidiglik enkele verbetering teenoor verlede jaar. Indien die regering se verbondenheid tot infrastruktuurbesteding egter realiseer, behoort vraag dan verder te verbeter.

In ooreenstemming met sy verklaarde dividendbeleid van 2,75 keer dekking vir die volle jaar, het die Direksie 'n finale dividend van 177 sent per aandeel verklaar. Dit verteenwoordig 'n toename van 40% bo verlede jaar se 126 sent per aandeel.

Die Direksie het volle vertroue vir die voortgesette sukses van die Groep.

OUDITMENING
Die ouditeure, Deloitte & Touche, het hul mening oor die Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2012 uitgespreek. Die oudit was in ooreenstemming met Internasionale Standaarde op Ouditering uitgevoer. Hulle het 'n ongewysigde ouditmening uitgereik. Hierdie verkorte voorlopige finansiële state is uit die Groep finansiële state afgelei en stem in alle wesenlike opsigte ooreen met die Groep finansiële state. 'n Afskrif van die ouditverslag is ter insae by die Maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie wat in hierdie aankondiging ingesluit is, is nie deur die Maatskappy se ouditeure nagegaan of gerapporteer nie.

DIVIDEND
Die Direksie het 'n finale dividend van 177 sent per gewone aandeel (bruto) ten opsigte van die jaar geëindig 31 Maart 2012 goedgekeur en verklaar.

Die dividend sal onderhewig aan die nuwe Dividendbelasting, wat met effek vanaf 1 April 2012 bekend gestel is, wees. In ooreenstemming met paragrawe 11.17(a)(i) tot (x) en 11.17(c) van die JSE Noteringsvereistes word die volgende bykomende inligting bekend gemaak:

- Die dividend is uit inkomstereserwes verklaar;
- Die plaaslike Dividendbelastingkoers is 15% (vyftien persent);
- Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) krediete van 177 sent per aandeel sal aangewend word;
- Die bruto plaaslike dividendbedrag is 177 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wie vrygestel is van Dividendbelasting;
- Die bruto en netto plaaslike dividendbedrag is 177 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wie aanspreeklik is om Dividendbelasting te betaal;
- Invicta Holdings het 74 112 523 gewone uitgereikte aandele (wat 1 989 484 tesourie-aandele insluit); en
- Invicta Holdings Beperk se inkomstebelasting verwysingsnommer is 9400/012/03/6.

In voldoening aan die vereistes van Strate, is die volgende datums van toepassing:

Laaste dag om met dividend te verhandel	Vrydag, 29 Junie 2012
Eerste dag om sonder dividend te verhandel	Monday, 2 Julie 2012
Rekorddatum	Friday, 6 Julie 2012
Betaaldatum	Monday, 9 Julie 2012

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word van Maandag, 2 Julie 2012, tot en met Vrydag, 6 Julie 2012 nie, albei dae ingesluit.

Op las van die Direksie

C Barnard — Kaapstad
Sekretaris — 5 Junie 2012

BMG BEARING MAN GROUP — www.bmgworld.net

CEG Capital Equipment Group — www.capitalequipmentgroup.co.za

GRAPHICCULTURE

Geregistreerde kantoor: Invicta Holdings Beperk, 3de verdieping, Pepkor-gebou, Stellenbergweg 36, Parow Industria, 7493 • Posbus 6077, Parow Oos, 7501 • **Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Grondvlak, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 • Posbus 61051, Marshalltown, 2107
Direkteure: Dr CH Wiese* (Voorsitter), A Goldstone (Besturend), C Barnard, AK Masuku^#, J Mthimunye^, DI Samuels^, LR Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters, Adv JD Wiese* ** Nie-uitvoerend* *# Plaasvervangend* *^ Onafhanklik nie-uitvoerend* • **Borg:** Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Beperk